

Vyf-en-dertig Bybelfeite Oor die Sewende-dag Sabbat

*Wie het die Sabbat
gemaak? Wanneer? Waarom?
Watter dag sê die Bybel is God se
heilige Sabbatdag? Was die
sewende-dag Sabbat afgeskaf vir
Christene? Hoelank sal die Sabbat
bestaan?*

*Hier is vyf-en-dertig
Bybelfeite oor die Sabbat.*

1. God het op die sewende dag gerus nadat hy die eerste ses dae van die week gebruik het om hierdie aarde te skep. Genesis 2:1-3.
2. Die Skepper het die sewende dag geseën. Genesis 2:3.
3. Hy het die sewende dag geheilig (heilig gemaak). Genesis 2:3; Exodus 20:11.
4. Hy het die sewende dag die Sabbat gemaak in die Tuin van Eden. Genesis 2:1-3.
5. God het die Sabbat gemaak voordat sonde in die wêreld gekom het. Die Sabbat was dus bedoel vir elke mens – nie slegs die Jode nie. Jesus het gesê dat die Sabbat vir die mens gemaak is. Markus 2:27.
6. Die Bybel verwys nooit na die Sabbat as die “Joodse” Sabbat nie. In plaas daarvan word dit die Sabbat van die Here genoem. Exodus 20:10.
7. Die sewende-dag Sabbat is ‘n herdenking van die Skepping. Elke keer wat ons op die sewende dag rus, soos wat God by die Skepping gedoen het, herdenk ons die Skepping en God se skeppingskrag. Ex. 20:11; 31:17.

8. Die Sabbat was deel van God se wet voordat Moses die Tien Gebooie by Sinai ontvang het. Exodus 16:4,5, 22-30.

9. God het die sewende-dag Sabbat in die middel van Sy Tien Gebooie geplaas. Die Sabbatgebod is net so belangrik en bindend vir Christene as enige van die ander nege. Exodus 20:1-17.

10. God het die onderhouding van die sewendedag-Sabbat met Sy eie stem, uit die hemel beveel. Deuteronómium 4:12,13.

11. God het die Sabbatgebod met Sy eie vinger op kliptafels geskryf. Exodus 31:18.

12. Die Tien Gebooie, insluitende die sewende-dag Sabbatgebod, was heilig in die ark bewaar in die Allerheiligste Plek van God se heiligdom. Deuteronómium 10:1-5.

13. God het noukeurige gehoorsaamheid vereis van Sy sewende-dag Sabbatgebod en aangedring dat ons op die Sabbat moet rus, selfs al wag daar dringende werk. Exodus 34:21.

14. Ongehoorsaamheid aan die Sabbatgebod het die dood vir God se volk – die Israeliete – gebring gedurende hulle swerftog in die woestyn. Esegïël 20:12,13.

15. God sê dat gehoorsaamheid aan Sy sewende-dag Sabbat ‘n teken is dat ons Hom as ons God erken. Ex. 31:13; Esegïël 20:20.

16. God sê dat die sewende-dag Sabbat ‘n teken is dat Hy ons red en ons heilig maak. Exodus 31:12,13.

17. God het beloof dat Jerusalem vir ewig sou staan indien Sy volk getrou sou wees in die onderhouding van Sy Sabbat. Jeremia 17:24,25.

18. God se volk het ballingskap in Babilon ervaar, omdat hulle versuim het om God se Sabbat heilig te hou. Nehemia 13:17,18.

19. Jerusalem was vernietig omdat God se volk versuim het om Sy Sabbat heilig te hou. Jeremia 17:27.

20. God spreek ‘n seën uit oor die Heidene – nie-Jode – wat Sy Sabbat heilig hou. Jesaja 56:6,7.

21. God beloof om enigeen wat die sewende-dag Sabbat heilig hou, te seën. Jes. 56:2.

22. God vra ons om die Sabbat as ‘n “verlustiging” te beskou en dit te “eer” en beloof om ons te seën indien ons dit doen. Jes. 58:13,14.

23. Jesus het die sewende-dag Sabbat gehou terwyl Hy as mens op hierdie aarde geleef het. Lukas 4:16; Johannes 15:10.

24. Die sewende-dag Sabbat is die Here se dag; dit behoort aan Hom. Markus 2:28; Ex. 20:10; Jes. 58:13; Openbaring 1:10.

25. Jesus sê dat Hy die Here van die Sabbat is. Markus 2:28.

26. Jesus het die Sabbat verdedig as ‘n genadige instelling wat gemaak is vir die welstand van die hele mensdom. Markus 2:23-28.

27. Jesus het nie die Sabbat afgeskaf nie; intendeel, Hy het noukeurig geleer hoe ons dit moet onderhou. Mattheus 12:1-13.

28. Jesus het uitdruklik ontken dat Hy gekom het om die wet – insluitende die Sabbatgebod – totniet te maak. Mattheus 5:17-19.

29. Jesus het geleer dat ons goed moet doen op die Sabbat. Mattheus 12:12.

30. Jesus het aan Sy dissipels gesê dat hulle moes voortgaan om die Sabbat as belangrik te beskou op die tyd wanneer Jerusalem vernietig sou word – ‘n gebeurtenis wat plaasgevind het byna veertig jaar na Sy dood en opstanding. Mattheus 24:15-20.

31. Die vroue wat volgelinge van Jesus was gedurende Sy lewe hier op aarde het na Sy dood die sewende-dag Sabbat nougeset gehou. Lukas 23:55,56.

32. Die Bybel identifiseer die sewende-dag Sabbat as die dag tussen die dag van Jesus se kruisiging (Vrydag) en die dag van Sy opstanding (Sondag). Lukas 23:50-24:1.

33. Die apostel Paulus het die sewende-dag Sabbat gehou na die dood en opstanding van Jesus. Handeling 13:14, 42-44; 16:13; 18:4.

34. Dit was Paulus se gewoonte om op die sewende-dag Sabbat te aanbid. Handeling 17:2,3.

35. Die Sabbat sal in die hemel dwarsdeur die ewigheid heilig gehou word. Jesaja 66:22,23.

Tien Bybelfeite Oor die Eerste Dag van die Week

Noem die Bybel 'n verandering van die Sabbat van die sewende dag van die week na die eerste? Het die Apostels Sondag gehou? Word Christene beveel om Sondag heilig te hou na die Opstanding? In werklikheid het die Bybel baie min te sê oor die eerste dag van die week (die woord Sondag verskyn nooit as sodanig in die Bybel nie). Hier is tien Bybelfeite oor die eerste dag van die week.

1. Die eerste ding wat in die Bybel oor die eerste dag van die week opgeteken is, is dat dit 'n dag is waarop werk gedoen was – God se skeppingswerk het op die eerste dag van die week begin. Genesis 1:1-5. Niks plaas die eerste dag apart van die ander werksdae van die Skeppingsweek nie.

2. God beveel Sy volk om op die eerste dag van die week te werk as deel van die ses gewone werksdae. Exodus 20:8-11.

3. God verwys spesifiek na die ses werksdae van die week – wat die eerste dag insluit – as afsonderlik van Sy heilige Sabbatdag. Esegïel 46:1.

4. Daar is geen rekord in die Bybel dat God ooit die eerste dag van die week geseën of dit heilig gemaak het nie.

5. Daar is geen rekord in die Bybel dat enige van die patriarge, profete, apostels, of enigeen van God se volk ooit die eerste dag van die week as God se Sabbat beskou het of dit heilig gehou het nie.

6. Daar is geen bevel van God iewers in die Bybel om die eerste dag van die week heilig te hou nie.

7. Die Bybel swyg heeltemal oor enige verandering van God se heilige Sabbat van die sewende dag van die week na die eerste.

8. Die Bybel sê dat die vroue vroeg op die eerste dag van die week – nadat die sewende-dag Sabbat alreeds verby was – na Jesus se graf gekom het. Mattheus 28:1; Markus 16:1,2.

9. Die Bybel noem een geval waar Christene op die eerste dag van die week bymekaar gekom het om “brood te breek” en om te luister hoe Paulus preek (Handelinge 20:7). Dit noem ook dat die vroeë Christen gelowiges elke dag bymekaar gekom het om saam brood te breek en God te loof (Handelinge 2:46,47). Niks oor die byeenkoms in Handelinge 20 dui aan dat hierdie Christene die eerste dag van die week as heilig beskou het of dat God die Sabbat van die sewende dag van die week na die eerste verander het nie.

10. Paulus het die Korinthiërs aangeraai om op die eerste dag van die week geld eenkant te sit en dit te spaar (1 Korinthiërs 16:2), sodat hy nie 'n offergawe moes opneem wanneer hy sou kom nie. Sommige het geredeneer dat hierdie teks bewys dat die Christene in Korinthe op die eerste dag van die week aanbid het en 'n offergawe by hulle byeenkomste opgeneem het. Die teks praat egter duidelik oor geld wat elke week eenkant gesit moes word wat Paulus sou bymekaar maak wanneer hy kom; dit sê niks oor 'n aanbiddingsdiens op die eerste dag van die week nie.

TEKENS

VAN DIE TYE

Oor Hierdie Sakgrootte Tekens

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie Sakgrootte Tekens artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Persoonlike Bedieninge
Posbus 75700
Bedford Gardens
2047

of skakel ons by
(011) 616-6800

Bybelfeite Oor Die Sabbat En Die Eerste Dag Van Die Week

Sakgrootte Tekens